



Verwysing: 20200803-7342
Lêerno.: 13/9/2
Navrae: C Klopper

Asseseringsbestuurminuut: 0010/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Asseserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Hersiene praktiese assesseringstake (PAT'e) vir die graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen in 2020

1. Die PAT'e vir 2020 is saamgestel vir vakke wat 'n praktiese komponent bevat en in Januarie 2020 aan provinsiale onderwysdepartemente bekend gemaak.
2. Omdat skole weens die Covid-19-pandemie gesluit was, is wysigings aan die PAT'e in sekere vakke noodsaak. PAT'e maak voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n geskrewe toets of eksamen gedoen kan word nie. Dit vereis ook dat leerders die praktiese werk in óf die werksessies, groentetuine óf op plase doen, afhange van die spesifieke vak se vereistes.
3. Omdat skole in die eerste kwartaal moes sluit en tot die verlies van skooldae gelei het, asook die huidige implikasies vir sosiale afstand beperkings, het die Departement van Basiese Onderwys (DBO) sekere wysigings aan die 2020 PAT'e vir sekere vakke aangebring. In sommige van die vakke was dit nie nodig om die PAT'e te wysig nie.
4. Die belangrikste riglyne wat tydens die wysiging van die PAT'e oorweeg is, is soos volg:
 - (a) Die finale gewysigde PAT sal steeds die kernaspekte van die oorspronklike PAT evalueer.
 - (b) Die afdeling van die PAT wat in kwartaal 1 voltooi moes word, is nie gewysig nie. Alle kandidate moes die PAT-vereistes vir kwartaal 1 voltooi het.
 - (c) Wysigings is aangebring aan die PAT-afdelings wat in kwartaal 2 en 3 geïmplementeer sou word.

Die wysigings sluit een of meer van die volgende in:

- (a) Wysiging aan 'n subtaak om die sosiale afstand beperkings te akkommodeer.
- (b) 'n Subtaak uit te laat (veral as die vaardigheid gedupliseer en in 'n ander subtaak getoets word, of nie werklik tot die finale PAT bydra nie). Dit bied kandidate die geleentheid om die taak binne 'n korter tyd te voltooi.

5. PAT'e vir die volgende vakke is nie gewysig nie en die oorspronklike PAT moet dus voorts geïmplementeer word, aangesien die praktiese werk wat die kandidate moet voltooi, nog gedoen kon word nadat skole weer op 08 Junie 2020 begin het.

Die vakke is:

- Landboutegnologie
- Elektriese Tegnologie
- Inligtingstegnologie
- Meganiese Tegnologie

6. Die enigste verandering vir Dansstudies, Dramatiese Kunste en Musiek is die vermindering van die take en die uitlaat van take wat groep- of ensemblewerk vereis. 'n Addendum vir hierdie vakke is saamgestel wat die verminderde take en die modaliteite van die praktiese/opvoeringseksamens aandui.

7. Hier volg die vakke waar nuwe PAT-dokumente uitgereik is:

- Landboubestuurpraktyke
- Rekenaartoepassingstegnologie
- Ontwerpstudies
- Siviele Tegnologie
- Verbruikerstudies
- Ingenieursgrafika en Ontwerp
- Gasvryheidstudies
- Tegniese Wetenskappe
- Toerisme
- Visuele Kunste

8. Die hersiene PAT'e is op die DBO se webwerf beskikbaar. Gebruik asseblief die volgende skakel om toegang tot die hersiene PAT'e te verkry:

<https://bit.ly/2OUh8ae>

9. Navrae oor die hersiene PAT'e vir 2020 moet aan die vakadviseurs by die distrikskantore gerig word.

10. Prinsipale en amptenare van onderwysdistrikte word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van personeel, ouers en leerders te bring.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2020-08-21